



Foto: Pexels

Rigard was net vier jaar oud toe ek hom op 'n stoeltjie in die gang van ons huis, onder die DB-Bord (kragboks) sien staan. "Rigard, wat maak jy?" het ek gevra terwyl ek nuuskierig nader stap.

Hy het op die punte van sy tone gestaan en na die kragboks uitgestrek in 'n poging om dit oop te maak, maar hy was net te kort om by te kom. "Ek wil binne in die kragboks kyk," het hy gesê. Ek het op my hurke gesak, hom in die oë gekyk en gevra hoekom hy binne in wil kyk.

"Mamma, Jesus gee mos vir ons krag. Ek wil net kyk hoe lyk die klein liewe Jesus wat in die kragboks bly," het hy gesê en na die DB-Bord gewys.

Ek het toe verduidelik dat dié 'kragboks' krag vir die huis gee sodat alles kan werk en dat Jesus ook vir ons krag gee, sodat ons goed kan werk.

Elke keer as ek die kragboks sien, het ek aan dié spesiale oomblik gedink. Mag jy dié week verskeie spesiale, "kragboks-oomblikke" beleef.

Riata Nel

VOORBIDDING VIR:

- ♥ Voorbidding vir ds. Petrie vir sy boodskap.
 - ♥ Frans Visagie vir gesondheid.
- ♥ Lizzie Erasmus vir herstel na operasie.
 - ♥ Marais Engelbrecht vir gesondheid.
 - ♥ Joey van Onselen vir gesondheid.



LIFELINE
YOUTH
Graad 7 - Graad 12

Kom deel in die aksie en pret
Sondae @ 17:30
Lourensrivier-Strand Gemeente

Kontak Tijane Visser
0832870954

POTJIEKOSKOMPETISIE - ACVV HUIS JAN SWART

Huis Jan Swart se gewilde potjiekoskompetisie vind in Februarie plaas. Dit is die elfde jaar wat dié kompetisie aangebied word en beloop weer smullekker kos, goeie geselskap en lewendige vermaak.

Huis Jan Swart is 'n nie-winsgewende organisasie en bied dié kompetisie aan om geld in te samel.

Datum: Saterdag 29 Februarie

Tyd :12:00 tot 17:00

Koste: R60 vir 'n potjieporsie, rys en malvapoeding met vla.

Verkope begin reeds Maandag 10 Februarie. Die groot verskeidenheid potte sluit in afval, skaapvleis, hoender- en seekos.

Bring jou kampstoel en kom kuier die middag saam met ons. Daar sal lewendige musiek wees om die gees aan te moedig.

Belangstellendes en dié wat wil deelneem, kan Henriette kontak by (021) 854-3763



David en Sue Verwey van **JAPANSENDING** is tans op besoek in Suid-Afrika! Kom luister na hul aanbieding tydens 'n spesiale geleentheid wat deur die Afrika Evangeliese Bond (AEB) gehou word. David sal dan meer oor hulle sendingwerk in Japan vertel wat ook na China begin uitbrei het.

DATUM: Sondag, 23 Februarie 2020

PLEK: Strand Baptistekerk in Kerkstraat 123

TYD: 15:30

Kontakbesonderhede: Hercu Wentzel (Sel. 072 100 3491)

LEWENSLESSE



Foto: **juan mendez - Pexels**

Wat 'n mens vir jou kinders kan leer en ook wat jy iewers kan opplak om jousef te herinner oor wat eintlik in die lewe belangrik is.

1. Moenie moed opgee as jy misluk nie. Daar is altyd iets wat jy daaruit kan leer om vorentoe te gaan.
2. Om te gee, maak 'n mens gelukkiger.
3. Meer en meer geld is nie die resep vir geluk nie.
4. Kommunikasie is die sleutel tot gelukkige verhoudings.
5. Harde werk vat 'n mens vorentoe.
6. 'n Mens moet leer om nee te sê.
7. Bly weg van giftige mense wat jou aftrek.
8. Leer om buigsaam en aanpasbaar te wees.
9. Moenie jou te veel steur aan wat ander mense dink nie.
10. Verandering is altyd moontlik.
11. Dis noodsaaklik om jousef lief te hê en te versorg.
12. Moenie jousef met ander mense vergelyk nie. Daar's 'n rede waarom ons almal uniek is.
13. Soms gaan jy foute maak, maar dis belangrik om dan jammer te sê en aan te beweeg.
14. Nie almal van ons het gesonde en goeie kinderjare gehad nie, maar dis nooit te laat om werklik gelukkig te wees nie.
15. Vergewe jousef en ander mense.
16. Verwonder jousef aan die klein dingetjies van die lewe.
17. Vergeet soms van jou foon en bring tyd saam met die regte mense deur.
18. Moenie net vir eendag wek nie, onthou om vir nou ook te leef.
19. Daag jousef konstant uit deur nuwe dinge te leer.
20. Onthou om jou lewe te geniet.

Saamgestel deur Zerelda Esterhuizen. Vrouekeur. 10/11/2017 Geskryf deur Vrouekeur Staff.

Bronne : www.wholeheartedwoman.org, www.hellopeacefulmind.org

9 tot 15 Februarie Vyfde week ná Epifanie

Inligting uit Preekriglyne vir eredienste (verkort)

- ♥ Rus in Psalm 112:1-10
- ♥ Lees die week se Fokusteks: 1 Korintiërs 2:1-16)
- ♥ Ander tekste: Jesaja 58:1-9a (9-12); Matteus 5:13-20

Die tekste vir hierdie Sondag dui daarop dat God en Jesus Christus nie net áán ons geopenbaar word nie, maar ook déúr ons. In die sleutelteks voer Paulus aan dat die wysheid van God deur die Gees van Christus aan ons bekendgemaak word. Dit is deur die kragtige werking van die Gees – nie deur eie vermoëns nie – dat ons God kan ken en ander kan leer "met die woorde wat die Gees ons leer".

Die Psalm- én Jesajateks beklemtoon dat dié wat die Here dien, geken word aan hoe hulle teenoor hul medemens optree.

In die Evangelieteks word die beeld van sout en lig gebruik om weereens te wys dat gelowiges wat in getrouheid aan die wet leef – soos dit deur Christus aan ons openbaar is – 'n impak maak op die wêreld en die mense rondom hulle.

Die bewys van die krag van die evangelie lê in die veranderde lewens. Egte verandering kom nie deur menslike wysheid, geleerdheid of welsprekendheid nie. Ook nie deur danige nederigheid nie. Dit sou nie verkeerd wees om gebruik te maak van die beste moontlike navorsing oor doeltreffende kommunikasie nie. Dit is egter 'n beginselsaak dat niks in of van die mens opsigself harte kan verlig om te glo nie. Net deur die kragtige werking van die Heilige Gees verander mense se lewe. Die Gees se werk het meer as net 'n intellektuele of emosionele invloed en gevolg en raak die diepste van ons menswees aan. Dit is so radikaal soos 'n nuwe geboorte.

Hierdie wysheid van God was vantevore verborge. God het dit lankal reeds beplan en voorberei. Ons heil begin by God en staan vas in Hom. Jesus se koms het die verborgene sigbaar en kenbaar gemaak. Vir die magtiges en regeerders van hierdie wêreld is dit egter nog steeds verborge.

God se waarheid is ook verborge in dié sin dat 'n mens nie die geheim van die lewe sal kan gaan soek en vind in 'n plek van teregstelling buite 'n rebelse Joodse dorpie nie. Daar is nie 'n menslike manier om hierdie verborgenheid te ken nie. Dit is slegs bekend vir die wat daarvoor ryp is, vir dié wat deur die Heilige Gees tot geloof gebring het. Die bekendmaking van God se plan vind in Jesus se koms na die wêreld toe plaas, asook in die gelowige se verstaan en aanvaarding van hierdie plan.

Hierdie verligting deur die Heilige Gees lei dus tot 'n verstaan van wat ons uit genade van God ontvang het – 'n ewige heerlikheid. Dit dui op die hemelse heerlikheid wat aan die einde van hierdie lewe en hierdie wêreld wag. Ons weet egter dat hierdie hemelse bedeling nou reeds in ons huidige bestaan deurgebreek het, dat ons reeds in stukkies en brokkies die oorvloedige lewe kan ervaar. God se kinders kan nou reeds as oorwinnaars leef, want die dood, die sonde, ja, die wêreld self, is reeds oorwin — deur Christus, die gekruisigde.

VIR VOLGENDE WEEK

16 tot 22 Februarie

Rus sag in Psalm 119:1-8

Fokusteks: 1 Korintiërs 3:1-9

Ander tekste: Deuteronomium 30:15-20

Matteus 5: 21-37

ADVERTENSIES



HELEN
Dellwet-Krige

SPRAAK-TAALTERAPEUT
EN OUDIOLOG

HELEN
Dellwet-Krige

BA SPRAAKHEELKUNDE EN OUDIOLOGIE

Sarel Cillierstraat 149, Strand, 7140
www.helendewetkrige.co.za | helendwk30@gmail.com
082 781 8391

Praktyk Nr 08200008203423 | HPCSA Reg. Nr STA0003727



JOIN US EVERY WEDNESDAY EVENING
18H00 TO 19H00, STRAND
FIRST SESSION: 5 FEBRUARY

LIMITLESS FITCAMP

We are ready to help you with all your fitness goals!

LETS MAKE FITNESS FUN

We are a group of friends of all ages wanting to help you to start exercising in a fun interactive way. Bring a friend along and join us. Prizes weekly!

DM me for more info!

Lémari Fourie 0826929086



Jy het 'n besigheid en wil graag groei, MAAR jy is allergies vir woorde soos: **SOSIALE MEDIA BEMARKING, INSTAGRAM, FACEBOOK en INTERNET...**

Elke 2de persoon bied "gratis" webinare, seminare en wat ookal aan, jy is oorweldig en voel jy sit op 'n eiland...

GOEIE NUUS!!
Ek het reeds die nodige opleiding en ondervinding en wil jou met baie geduld, op 'n een-tot-een basis, of in klein groepies touwys maak (afrikaans of engels).
My ondervinding en kennis van admin, rekenaars & bemarking strek oor ±30 jaar (bewyse kan verskaf word).

KOINONIA THROUGH SOCIAL MEDIA
R300 per uur of R500 vir 2 ure
Jackie Strauss
084 505 2908

Ook beskikbaar:
Opleiding in Office (bv Powerpoint, Word, Publisher en meer).
Individue ook welkom.

OF stuur vir my 'n epos na jackiem Strauss@gmail.com en ek sit vir jou 'n pakket aanmekeer wat jou saksal pas.



VOLANTRA ORBITAL

DETECT • PREVENT • RESPOND



Don't be left in the "DARK" with loadshedding!
Contact us on 021 851 6023 for loadshedding solutions!
www.volantra.co.za